


Dienelkander



Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

11 Oktober 2020

Ons versoek lidmate om sitplek in te neem waar daar nie “maskeerband” op die banke geplak is nie!

09:30 OGGENDDIENS: Ds Daan Bakker

Ons dien graag vanmore die Here onder leiding van ds Daan.

TEMA: Span die seile na die wind van die Gees.

Een sin in Handeling 16 moet jou diep tref: “...omdat die Gees hulle verhinder het..” Miskien het jy dit ook al in jou lewe ervaar dat God jou êrens op jou pad voorgekeer het en al die planne van jou lewe omgekeer het om jou op ‘n heel ander of selfs splinternuwe pad te lei. En as jy vandag daarop terug kyk, kan jy nie anders as om te sê: “God het my deur sy Gees na daardie pad toe gelei.”

Piet Smit het ‘n lied geskryf oor die Heilige Gees se werk: “Seilboot”.

My lewe is soos ‘n seilboot wat ver op reis moet gaan.

En Jesus is my stuurman wat aan die roer bly staan.

God se plan vir my lewe is die wydheid van die see;

En die winde wat my aandryf, is die Gees wat Hy my gee.

Daarom span ek my seile voor die Heilige Gees,
want waar hierdie wind my waai, is presies waar ek wil wees.
En Jesus stuur my skip sekuur oor God se oseaan
en so kom ek eendag veilig by my eindbestemming aan.

Die gedig beskryf iets wat Paulus as ‘n werklikheid in sy lewe ervaar het. Omdat Christus die Stuurman van Paulus se skip was, het hy sy seile na die wind van die Gees gespan. Daarom was Paulus daar waar Christus hom kon gebruik as Sy dienskneg om die evangelie te verkondig.

Jou lewe as volgeling van Jesus beteken dat jy die seile moet span op jou lewensvaart deur hierdie wêreld. Die belangrike is dat jy jou seile sal span voor die wind van die Heilige Gees en bereid sal wees om die leiding van die Gees te soek en te volg. En jy moet vooraf besef dat jy nie onaangeraak jou seile voor wind die Heilige Gees kan span nie. Die pad waarop die Gees jou lewe wil lei, sal ‘n baie besliste effek in jou lewe hê. Hy sal jou voorkeer wanneer Hy wil en Hy sal die rigting van jou lewe verander waarheen Hy wil. Hy sal jou daar bring waar jy as dienskneg van Christus die beste met jou talente en gawes gebruik kan word om getuie van Christus deur daad en woord te wees. Maar uiteindelik beteken sy leiding dat Jesus,

die Stuurman van jou boot, jou veilig tuis sal bring. SPAN JOU SEILE VOOR DIE WIND VAN DIE GEES!

God en ons ontmoet mekaar

Intreelied: Ps 33-1: 1, 2 en 11; Votum; Seën; Loflied: Ps 145-1: 1, 2, 3 en 4; Geloofsbelydenis: 12 Artikels; Sing Lied 464: 1, 2, 3

Ons verootmoedig ons voor God

Wet: Rom 12: 1, 2 en 9 tot 20; Sing as antwoord op die wet: Sb 9-3: 1; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof

Skriflesing: Handeling 16: 1-10
Teks: Handeling 16: 6, 7, 10
Sing: Lied 203: 1, 2 en 3; Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening

Gebed; Afkondiging oor liefdegawes; Sing Sb 8-1: 1, 2; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

KLEINGROEPBEDIENING VANAAND

Kleingroepe moet asseblief weer van die geleentheid gebruik maak om op COVID-19-veilige-wyse bymekaar te kom.

Daar kom ook kleingroepe by die kerk bymekaar:

- 17:00 Groep 25 onder leiding van prof. Naas Ferreira.
- 18:00 Groep 35/ jong volwassenes saam met Erasmus Venter
- 18:00 Groep 32, br Pieter Potgieter

MEELEWING

- Prof Bert Floor is Dinsdagmiddag in die ouderdom van 97 jaar oorlede. Hy was ons oudste lidmaat en baie geliefd in die gemeente. Die begrafnis is eerskomende Woensdag 10:00 by die begrafplaas en die troosdiens om 11:00 in GK Die Bult se

kerkgebou.

- Susan Opperman (Groep 7 - 084 818 9408) se vader is na n lang siekbed tuis oorlede.
- Elsabé Labuschagne (Groep 28 - 083 993 7565) het Dinsdag 'n knievervangingsoperasie in Pretoria ondergaan en alles het goed afgeleef.
- Marthie Andersen (082 412 7273) is met 'n kankergewas aan die onderkant van haar rugwerwels gediagnoseer. Gelukkig is dit behandelbaar en die onkoloog sal volgende week besluit op 'n program van chemo- en bestralingsterapie. Sy herstel tuis na haar skouer- en rugoperasies.
- Marie Saaiman (Groep 5 - 082 532 8668) is steeds in Medikliniek en haar toestand verswak. Dit blyk dat sy skielik ook dimensia begin ontwikkel. Sodra sy sterk genoeg is, sal sy permanent in Samuel Broadbent opgeneem word vir versorging.
- Shantell Andersen (Groep 19 - 081 503 5978) se swangerskap moes ongelukkig verlede Sondag op 9 weke beëindig word vanweë ernstige probleme. Ons bid vir haar, Riaan en Loné die troos van die Here toe.
- Elma Leijenaar (Groep 25 - 082 398 2874) het 'n galblaasoperasie in Medikliniek ondergaan en dit gaan goed met haar.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetsee en Annatjie Duvenage.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak u ouderling of Adele (018 290 7690 / 082 532 8658) om die nodige reëlings te tref.

BAIE WELKOM AAN:

Amelia McDonald en haar twee dogters, Anri en Annemé. Hulle woon in Ploegskaarln nr 2, De Land. Amelia is oom Ab en tannie Kinnie Yssel se dogter en suster van Elsie Buijs.

BAIE GELUK

Baie geluk aan Naas en Elsie Ferreira wat verlede Sondag hulle tweede kleinkind in Randburg kon doop. Ons is saam met julle dankbaar.

BAIE DANKIE

Ek wil graag baie dankie sê vir die wonderlike verrassingspartytjie waarmee die Susters my Woensdagaand verras het met die spesiale verjaarsdag wat ek Donderdag kon vier. Baie dankie vir soveel liefde en omgee, dankie vir die wonderlike geskenke en elke lidmaat se boodskap van gelukwensing en meelewing. Dis 'n voorreg om deel te wees van so 'n liefdevolle gemeente. Ek dank die Here vir elkeen van julle.

Rieëtte

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag op Facebook en YouTube (nie intyds)

09:30 Oggenddiens
Katkisasie Les 21
Selfhelp koffie en tee
Kleingroepbediening

Maandag

17:00 Kersmark
18:30 Bedienings-dg vergader

Dinsdag

06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie graad 8
18:00 Groepsusters
19:00 Toerusting van nuwe ouderlinge

Woensdag

09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie graad 10
18:00 Katkisasie graad 9
19:00 Bybelstudie

Donderdag

Diensgroepverslae

BESLUIE VAN DIE OUDERLINGE

Eredienste

Ons gaan voort met die huidige reëlings rondom ons eredienste, katkisasie en kleingroepbediening. Lidmate word egter gemaan dat ons steeds uiters versigtig optree en die voorkomingsmaatreëls vir COVID-19 getrou nakom. Lidmate moet maskers dra, asook die sanitasie en ander maatreëls volg.

Dankbaarheidsfees en Kerssangdiens

In die lig van die onsekerheid oor die ontwikkeling van 'n moontlike tweede vlaag van COVID-19 verspreiding en die onsekerheid oor wanneer en hoe die maatreëls verslap of verskerp gaan word, sal die Dankbaarheidsfees en Kerssangdiens nie vanjaar plaasvind nie.

Nagmaal - 15 November

Die ouderlinge het wel besluit dat ons - indien alles bly soos dit nou is - op 15 November Nagmaal sal vier. Die ouderlinge het 'n klein taakspan aangewys om aanbevelings te maak oor hoe ons die Nagmaal sover moontlik COVID-19-veilig kan gebruik en die ouderlinge sal die gemeente betyds kennis gee op welke wyse ons beplan om die Sakrament te kan vier.

Ouderlingebesoeke

Elke ouderling moet in die lig van COVID-19 met groot omsigtigheid sy pastorale werk, besoeke en kontak met lidmate hanteer. Heelwat van ons ouderlinge val ook in die sg "risiko-ouderdom". Lidmate moet hierdie werklikheid in gedagte hou met die ouderlinge se werk voor die Nagmaal.

Kersmark

Die Kersmark gaan voort. Lidmate word aangemoedig om betrokke te raak en die Kersmarkkomitee te help, sodat ons onder die Here se seënende hand 'n sukses kan maak van ons enigste fondsinsameling hierdie jaar.

Leierskap van die Diensgroep vir Bediening-na-Buite

Ons diensgroepe begin ook voluit weer hulle dienswerk. Hierdie diensgroep het op die oomblik nie 'n sameroeper nie. Indien enige lidmaat voel dat die Here dit op sy of haar hart druk om te kom help om die dienswerk te organiseer, moet jy asb met ds Piet gesels. Die uitdra van die Evangelie na buite is een van die kerk se belangrikste opdragte en ons kan dit nie onversorg laat nie.

Finansies en dankoffers van lidmate

Die ouderlinge het ook die stand van ons gemeente se finansies hanteer en is dankbaar dat ons kontantvloei nog redelik is, alhoewel die oorbetal van ramings ons later in 'n moeilike posisie kan plaas.

Die Finansiële-diensgroep spreek groot dank uit aan lidmate wat so gereeld in staat is om dankoffer bydraes te kan gee. Op hierdie manier word die kerkraad instaat gestel om ook al sy verpligtinge na te kom.

EFT - inbetalings

Lidmate word versoek om in die geval van direkte inbetalings net 'n aanduiding te gee, watter inligting op die begunstigde se bankstaat moet verskyn, deur bv. aan te dui van wie af en ook in watter groep/wyk die lidmaat is.

Oktober 2020

Ons bid saam



Romeine 12: 12 "Verbly julle in die hoop, staan vas in verdrukking; volhard in gebed."

Ons verootmoedig ons voor die Here deurdat:

- Elkeen selfondersoek doen en word nederig voor die Here.
- Elkeen die koningsheerskappy van Christus sal erken en nie die uitkoms by mense soek nie.
- Ons voorbidding doen vir die owerheid in hierdie belangrike saak, om in verantwoordelikheid voor God op te tree.
- Ons voorbidding doen vir 'n goeie reënseisoen, sodat daar genoeg kos en werk sal wees vir alle mense in die land.
- Die kerk in gehoorsaamheid aan God, ons lig in besonder sal uitstraal in hierdie tyd met liefde en omgee vir alle mense en in besonder vir die mense in nood, sodat die triomf van die evangelie eindeloos sal wees.
- Die kerke die Here dank vir die bewaring wat die kerk grootliks ontvang het en die seëning van n hoë herstelpersentasie onder mense wat die virus opgedoen het.

Ons dank die Here ook in besonder:

- ♦ Dankie Here vir U gemeente, Potchefstroom-Oos!
- ♦ Dankie ds. Piet en Rieëtte - wat voorloop en elkeen wat as ouderling, diaken, kleingroepleier of as geestelike leier optree. Elkeen het 'n taak en 'n gawe van U ontvang wat diensbaar aangewend word!
- ♦ Dankie vir elke gelowige lidmaat wat saam bid en intree in gebed!
- ♦ Laat ons deur ons dae en woorde lof en eer aan ons Koning, Jesus Christus, bring!

Ons deel graag gebedsverhoring – stuur dit asb na my (Elsie -072 449 1982).

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat
DV hierdie week verjaar!



Sondag, 11 Oktober

Jsr Velize de Bruyn 079 892 4393
Jbr Rias Scholtz

Maandag, 12 Oktober

Sr Liekie Scheepers (87) 083 677 7718
Sr Johanna Venter (72) 082 824 1834

Dinsdag, 13 Oktober

Br Pieter Erasmus 083 555 7330
Sr Mariana Plotz 082 456 8023

Donderdag, 15 Oktober

Sr Naomi Pretorius 082 853 5108

Vrydag, 16 Oktober

Sr Veronique Geyer 079 952 8393

Saterdag, 17 Oktober

Sr Estelle v Hamburg (71) 082 779 1401

KERSMARK: 23 NOV – 5 DES



Moorivier
Kersmark

Oor 6 weke hou ons Kersmark vir 12
dae lank!

Ons het u hulp baie nodig as:

Kassiere

(Carina Coetsee - 078 011 2050)

Toesighouers

(Susan Lourens - 073 898 0181)

Hulp in die kombuis/kelners

(Ina Jordaan - 082 375 7666)

Hulp met die Buffettafel

(Christa Bloem - 082 376 9412)

Opsit van plakkate

(Yolandi Haasbroek - 083 628 7136)

Dekor in sale

(Hestie J v Rensburg - 072 383 9510)

Borgskappe/donasies

(Erika Kruger - 082 428 7386)

Kontak asb die persoon verantwoordelik
hiervoor, indien jy kan help!

**DAAR IS OOK HULPLYSTE IN DIE
VOORPORTAAL OP VEILIGE AFSTAND
UIT MEKAAR GEPLAAS - VUL ASB JOU
NAAM IN WAAR JY DIE JAAR KAN
HELP!**

Ons het veral ons gemeente se gebede
nodig om van hierdie projek 'n sukses te
maak - hierby kan elkeen, oud of jonk,
betrokke wees!

DIENELKANDER: BORGE

Indien besighede belangstel om as borg op
te tree in die Diemelkander, kan julle Adele by
die kerkkantoor gerus kontak asb. Borgskap
beloop R295 per uitgawe.

ALMANAK 2021

Die Almanak 2021 kan weer bestel word @
R90 elk. Bestellings sluit 20 Oktober. Skryf
asb u naam op die lys in die voorportaal.

ALGEMENE INLIGTING:

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en
polistireen - *hoef nie gesorteer te wees nie,*
herwinningsitems moet wel in plastieksakke
toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS
MOET ASB PLAT GETRAP WORD. ASB
GEEN huisafval nie! Die
glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel**
wees.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoontoepassing)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.



KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die kerkverband dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir die **Emeritusfonds**.

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer:
067 713 2332

Webblad: www.oosdoppers.co.za

Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word:

Facebookblad: Gereformeerde Kerk Potch-Oos, vir videos van preke by <http://ow.ly/ivfZ309vsdc>

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237

Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt - 082 851 3637

Erasmus Venter - 076 090 4459

Kerkkantoor: Adele - 018 290 7690 /

082 532 8658

kerkkantoor@oosdoppers.co.za

Koster: Dawie v Zyl - 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos

ABSA Bank

Tjekrek: 670 340 066

Takkode: 632-005

Diakonie

ABSA Bank

Tjekrek: 670 280 160

Takkode: 632-005

Susters

Capitec Bank

Spaarrek: 145 652 5695

Takkode: 470-010



SUSTERS IN DIE GELOOF

Intimiteit met God

Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.

Psalm 141:2

Teeskinkgeleentheid

Ons het vandag selfhelp koffie en tee na die oggenddiens.

Baie dankie aan die groepsusters en susters van Carin Kloppers en groep 7, Marian de Kock en groep 15, Marie Oosthuizen en groep 25, asook Annarie Oelofse en groep 33 wat sal toesien dat alles na die diens net weer in die saal gebêre word.

Sustersbydrae



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïen word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

Blikkies-warmharte



*Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. **Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Maak gerus steeds vir ons kleingeld bymekaar in enige blikkie / sakkie tot jou beskikking.

Kansa-projek



Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal.



Oosdoppertjies

Sagaria 2:8 B "Wie aan julle vat, vat aan my oogappel."

Tempel nuwe werkkrag ryker

SILO. – Die tempelpersoneel hier is van vanoggend af met een werkkrag versterk toe die driejarige Samuel, seun van Elkana van Ramatajim, hom vir diens kom aanmeld het. Die knapie was deftig uitgedos in 'n splinternuwe manteltjie wat sy ma, Hanna, spesiaal vir die geleentheid gemaak het.

Hanna het vier jaar gelede tydens die huttefees hier in Silo, baie ernstig tot God om 'n seuntjie gebid. Sy was toe nog kinderloos. Sy het 'n gelofte aan God gedoen dat, as Hy aan haar 'n seun skenk, sy hom sy lewe lank aan die Here sal teruggee. 'n Jaar later is Samuel tot haar en haar man se groot vreugde gebore. Verlede maand is hy gespeen en daarom het Hanna hom nou na die tempel gebring om hier vir God te werk.

Die priester Eli het by navraag gesê Samuel sal aanvanklik help om die tempel skoon te hou en die ark te versorg. "As hy groter is, sal hy seker ook met die offers kan help, maar dit sal met die tyd alleen duidelik word", het hy gesê.

Eli se twee seuns, Hofni en Pinehas, was nie baie ingenome met die nuwe personeellid nie. "Ons lewe van die priestersdeel van die mense se offers. Nou is daar nóg 'n mond wat uit dié bron gevoed moet word. As elke ma wat 'n bevlieging kry, haar kind hier kom aflaa, sal dit later meer na 'n weeshuis as 'n aanbiddingsplek lyk," het Pinehas verontwaardig gesê.

Van al dié drama weet die kleine Samuel egter niks. Hy het dadelik met blink ogies saam met "oom Eli" deur die tempel gaan stap om sy nuwe blyplek en werkplek te verken. 'n Mens wonder wat nog van dié knapie gaan word ...

Lees van Samuel se geboorte en sy kinderdae in Silo in 1 Sam. 1:19b-28 en 1 Sam. 2:18-21.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

VIVIERS INGELYF

PROKUREURS

Skakel Pierre Viviers vir die volgende regsdienste:

<ul style="list-style-type: none">* Opstel van testamente* Boedel- en aftreebeplanning* Bereddering van bestorwe boedels* Stigting van trusts* Registrasie van onroerende eiendom* Siviele litigasie – Hoë- en Landdroshof* Skuldinvorderings* Huweliksvoorwaardeskontrakte* Lugvaartregsdienste* Lugvaartversekering – FSP nommer 43890	<p style="text-align: center;">Eerstevloer Octrongebou James Morokalaan 62 Potchefstroom</p> <p style="text-align: center;">☎ (018) 297-5201 k/u pierre@viviersattorneys.co.za</p>
---	--